

5 Januarie

Skrifgedeelte: Hebreërs 10:32 – 11:3

Fokusgedeelte: Hebreërs 10:38, 39

Wanneer jou geloof geskud word

Daar kan baie dinge met ons gebeur wat ons geloof skud. Petrus praat in sy eerste brief van allerhande beproewinge en die skrywer van die Hebreërbrief noem in 10:32-39 verskeie dinge wat sy lesers se geloof bedreig het.

Om die geloof te behou – dis waaroor die boek Hebreërs gaan. Filippense 1:6 maak dit baie duidelik dat God sy goeie werk in ons begin, Hy sit dit voort en Hy maak dit klaar. Hebreërs 12:2 lewer ook die Heilige Gees se getuigenis dat Jesus die Begin en die Voleinder van die geloof is. Daarom kan ons met vrymoedigheid die vyfde hoofstuk van die Dordtse Leerreëls oor die volharding van die heiliges omhels en bely. Tog is dit so dat allerhande beproewinge aan gelowiges se geloof kan ruk en pluk. Ja, maar dan werk God onmiddellik deur sy Woord en Gees om die geloof wat Hy geskep het, in stand te hou. Dit is die rede waarom die Hebreërboek geskryf is.

Die boek is geskryf aan gelowiges uit die Jodedom, mense wat uit die Judaïsme gekom en die Here Jesus Christus as die Seun van God en die Verlosser bely het. Hierdie gelowiges het 'n dubbele vervolging beleef: hulle is enersyds deur die keiser bedreig omdat hy nie van die Christene gehou het nie, hy kon dit nie verduur dat hulle Jesus as Koning bely het en nie vir hom nie. Andersyds is hulle van huis uit vervolgd. Hulle huisgenote het hulle verwerp omdat hulle die ou Joodse godsdiens verlaat het om Jesus aan te hang.

Die gevolg was 'n dreigende afval van Jesus. Daarom is daar so baie name en gebeurtenisse vanuit die Ou Testament. Die skrywer waarsku: Moenie onder vervolging vir Jesus verloën nie, Hy is groter as die engele, Hy is groter as Moses, Hy is groter as Melgisedek, Hy is groter as Aäron, Hy is die afdruksel van God, Hy is die ewebeeld van die wese van God (Heb. 1). As julle die Seun van God verloën, dan is daar geen offer wat julle sonde kan wegneem nie; as julle Jesus verlaat, dan verag julle die Seun van God, dan trap julle op die bloed van die verbond, dan beledig julle die Heilige Gees.

Die skrywer van die Hebreërboek neem in die eerste deel van die boek 'n dreigende toon aan: Verloën Jesus en val in die hande van die lewende God (Heb. 10). Maar dan verander sy toon, moedig hy aan, spoor hy aan. In Hebreërs 11 gebruik hy steeds die Ou Testament, maar dan om te wys hoeveel gelowiges onder allerhande beproewinge in die geloof volhard het. Deur die geloof het hulle uitgesien na die Verlosser wat sou kom en vervolging het hulle nie gestuit nie. Omdat Moses geglo het, het hy verkies om sleg behandel te word, die smaad ter wille van Christus het hy 'n groter rykdom geag as die skatte van Egipte (vgl. Heb. 11:24-26).

Só sal die Heilige Gees deur sy Woord die geloof wat Hy geskep het, in stand hou en op die dag van Jesus se wederkoms voleindig.

Sing: Skrifberyming 15-7:2, 4, 5

Ds. JL Aucamp (Kempton Park-Mooifontein)